



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die grootste roomys deur Anna Emm

Dis 'n baie warm dag vandag. Daar staan 'n lang 'n roomyskarretjie in die straat. Niekie haal haar geldjies uit haar spaarbussie. Sy tel dit. Dit is net mooi genoeg om die heel grootste roomys te koop!

"Ek gaan vir my die heel grootste roomys koop!" sê Niekie vir haar mamma, en sy draf na die roomyskarretjie toe. Daar is baie mense, en dis warm. Toe dit uiteindelik Niekie se beurt is, is sy al baie lus vir die roomys.

"Een roomys, asseblief!" vra sy vir die roomysman, en sy gee vir hom die geldjie. "Die heel grootste een!"

Die man vat die geld, en gee vir Niekie 'n yslike groot roomys met kersies en lekkertjies op! Dit lyk sommer wonderlik lekker! Sy gaan staan eenkant op die gras, en vat 'n groot lek van die roomys.

"Askies tog!" hoor sy skielik 'n stemmetjie, en 'n klein voëltjie kom sit op haar skouer. "Daardie roomys lyk darem baie lekker, en dis só warm. Wil jy nie vir my 'n bietjie daarvan gee nie? Goeie dinge gebeur met mense wat deel!"

Niekie is nie lus om vir die voëltjie van haar roomys te gee nie, maar sy kan sien die ou dingetjie kry baie warm. Toe hou sy maar die roomys dat die voëltjie daarvan kan eet. Maar skaars het die voëltjie klaar geëet, of 'n klein eekhorinkie trek aan haar rokkie se punt. "Haai, kan ek nie ook van daardie roomys proe nie? Ek is net so warm soos die voëltjie!"

Niekie sug, en buk dan om vir eekhorinkie ook van die roomys te gee. Die groot roomys lyk nou glad nie meer so groot nie. Dit word al hoe kleiner! En net toe die eekhorinkie klaar geëet het, hop-hop 'n seevoël nader. Hy hyg uitasem en roep: "O dankie tog! Uiteindelik 'n bietjie koeligheid in hierdie hitte! Gee asseblief tog vir hierdie droë keel van my ook van die roomys?"

Niekie is nou sommer na aan huil, maar sy is so jammer vir die diere wat so warm kry. Sy gee vir die seevoël ook van haar roomys, en toe hy klaar geëet het, is daar net 'n klein bietjie roomys onder in die horinkie oor. Sy lek dit stadig op. Maar wat sien sy nou? Daar is iets onderin die horinkie... Sy steek haar vingertjies in en haal dit uit. Dit is 'n koepon - 'n klein plastiek koepon waarop staan: "As jy hierdie koepon kry, wen jy 'n gratis roomys!"

Die ou voëltjie was reg! Goeie dinge gebéúr met mense wat deel! Haastig draf Niekie terug na die roomyskarretjie en gee vir die man die koepon. En hy gee vir haar die grootste roomys wat daar is! Nóg groter as die eerste. En dis net vir haar.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die grootste roomys illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za